

SARS voer soek-en-beslagleggingsoperasies uit in verskeie sektore

Tshwane, 7 April 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), se Sindikaat Belasting- en Doeane-afdeling, het inspeksies en soek-en-beslagleggings uitgevoer op verskeie entiteite in die bank-, tabak en sigarette-, alkohol-, goud- en klerasiesektore in KwaZulu-Natal, die Wes-Kaap en Gauteng.

Die persele wat deursoek is sluit die residensiële persele in van bepaalde individuele belastingpligtiges en werknemers in die goud- en bankindustrie. Die operasies is verband aan breer ondersoeke en oudits na onwettige finansiële strome en onwettige handel in goud, alkohol, klerasie, sigarette en tabakprodukte.

Die oogwenk van hierdie ingrypings is tweevoudig: dit help eerstens SARS met sy verifiëringsprosesse vir belastingnakoming en identifisering van inligting wat sodanige oudits kan ondersteun. Tweedens kan SARS bewyse, wat reeds tot sy beskikking is, bevestig vir potensiële kriminele vervolgings.

Hierdie ingrypings is ingestel nadat potensiële teenstrydighede in doeaneverklarings, belastingopgawes en bankstate, verwant aan sodanige entiteite, geïdentifiseer is.

Met een van die geteikende entiteite, het SARS 'n lasbrief bekom vir deursoek-en-beslaglegging op die perseel van Bullion Star (Edms) Bpk. op Maandag 28 Maart 2021 in die Noord-Gautengse Hooggeregshof. Bullion Star is 'n goudraffinadery en het die fasiliteite om minerale te transformeer na 'n hoer-waarde produk wat plaaslik verkoop of uitgevoer kan word. Bullion Star is 'n geregistreerde uitvoerder.

In kontras met Bullion Star se vorige opgawes aan SARS, het die BTW-opgawe, wat ingedien is vir die 2022/02-tydperk, 'n eis vir terugbetaling van R13.9 miljoen getoon. Voor die einde van Januarie 2022, het Bullion Star skaars enige goedere uitgevoer, maar tydens Februarie 2022 het hulle onverwerkte goud van meer as R126 miljoen uitgevoer.

Die bogenoemde afwyking het veroorsaak dat Bullion Star vir oudit van sy belastingsake uitgewys is en die lasbrief uitgevoer is om sodoende meer inligting te bekom ten opsigte van die goedere wat verkoop en uitgevoer is.

Die lasbrief is by drie persele uitgevoer. Bullion Star het egter SARS toegang tot sy besigheidspperseel en voertuie geweier. Sekuriteitsvideobeeldmateriaal het aan die lig gebring dat goedere van die besigheidspperseel verwyder en in voertuie op die persele geplaas is voordat SARS toegang tot die perseel kon kry. Gebaseer op die risiko dat sodanige goedere

deurslaggewend kon wees vir SARS se ondersoek, het SARS die toepaslike bewyse, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke (Valke), uit die voertuie gekonfiskeer.

Soortgelyk het die inwoners van die residensiële eiendom van Bullion Star se direkteur SARS ook toegang tot die residensiële perseel en elektroniese toerusting geweier. Daar is geglo dat die perseel en telefoon belangrike inligting ten opsigte van die ondersoek bevat. SARS het die hulp van die SAPD ingeroep om toegang tot die perseel te bekom en het goedere gekonfiskeer.

SARS moedig alle belastingpligtiges en handelaars aan om seker te maak dat hul belasting- en doeaneverpligtinge op datum en in nakoming is met die belasting- en doenewette. SARS wil graag die SAPD en Valke bedank vir hul samewerking om seker te maak dat hierdie ingrypings suksesvol uitgevoer is.

SARS kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het die organisasie en breer regering se toewyding tot die bekamping van onwettige handeldryf en kriminele ekonomiese bedrywighede benadruk. Hy het gesê, "diegene wat sistematies en met opset daarop uit is om die fiskus te ontneem van wat dit toekom, deur bedrieglike en ander nienakomende bedrywighede, sal ingevolge die wet aangespreek word. Die soort optrede sal duur en moeilik gemaak word."

Vir meer inligting, kontak Sarsmedia@sars.gov.za.